

Dinsdag 13 November

Skrifgedeelte: Sagaria 4:1-14

Fokusgedeelte: Sagaria 4:6

## Deur die Gees brand ons vir die Here

Wat staan in jou pad om die Here ten volle te dien?

Deur die profeet Sagaria wys die Here sy volk dat Hy weer sy kandelaar sal laat brand. Dit het natuurlik verwys na die tempel in Jerusalem wat herbou sal word, maar in besonder ook na die Nuwe-Testamentiese kerk. Ons is die pragtige kandelaar wat deur Christus se krag tot eer van die Vader brand. Ons taak is om aanhoudend in hierdie donker wêreld te brand.

Tog is daar ook elke dag figuurlike berge in ons pad wat ons verhinder om hierdie groot taak uit te voer. Ek het nie die nodige talente nie. My finansies bekommer my te veel, ek het nie nog tyd om daaraan te dink nie. Dis nou alreeds die einde van die jaar, volgende jaar sal ek my álles gee.

Christus het aarde toe gekom om al hierdie figuurlike berge plat te maak, sodat jy weer ten volle kandelaar kan wees. Deur die Heilige Gees gee Hy vir jou die nodige gawes om kandelaar te kan wees. Wanneer jy staatmaak op die krag van die Heilige Gees, is Hy die olie wat jou kandelaar die hele dag laat brand.

Fokus daarop om die Here selfs in die klein dingetjies te dien. Soos die Bybel bestuurdeer, karkisasie bywoon, net 'n vriend bystaan, of vir iemand bid. Moenie hierdie dinge geringskat nie. Daardeur brand jy as kandelaar tot eer van sy Naam.

*Sing: Psalm 45-1:1-2*

*Ds. DJ (Dirk) de Bruyn (Middelburg Kaap)*